# Besigheid met 'n doel

**Francois van Niekerk het die Mergon-groep van 'n wankelrige begin in 1980 tot 'n internasionale groep met aktiwiteite op vyf kontinente uitgebou. Hy is gisteraand aangewys as *Die Burger*, Netwerk24 en Kaapstad Sakekamer se Sakeleier van die Jaar. Francois Williams en Willem Jordaan het met hom gesels.**

Kort nadat Francois van Niekerk in 1980 sy inligtingstegnologiemaatskappy Infotech gestig het, staar hy bankrotskap in die gesig.

Op 'n sypaadjie in die Pretoriase middestad maak hy uit nood 'n belofte aan God wat vir skeptici vreemd mag klink, maar dieselfde dag nog is sy onderneming gered.

Mettertyd volg 'n heel nuwe werkwyse en die Mergon-groep word tans wêreldwyd as rolmodel met die doeltreffende integrasie van sake- en gemeenskapsbelange erken. 'n Onderskeidende kenmerk is dat 70% van die groep se aandeelhouding aan 'n volkome onafhanklike filantropiese trust behoort.




Francois van Niekerk het hom in sy uur van nood tot God gewend toe sy besigheid byna in duie gestort het. Hy het die Here 30% van die bankrot onderneming aangebied as Hy sou help. "Ek sou daarna leer dat jy niks sal ontvang, indien jy gee om te ontvang nie." Foto: JACO MARAIS

### Waar het alles begin?

"My lewe het maar op 'n taamlik beskeie noot afgeskop as seun van 'n redelik arm kleinboer in die Paardeberg-distrik naby die Paarl. Ek was in 'n tipiese klein plaasskool en later die voorreg van 'n Boishaai-koshuis. Tyd vir sport was daar nie, want my ouers het 'n plaaswinkel bedryf om die pot aan die kook te hou en ek moes naweke in die winkel gaan help.

"My hoërskoollewe was meestal oorheers deur die plaaswinkel en my ouers se volgehoue gesprekke oor 'die bank' en 'die verband'. Miskien het dit meegebring dat ek maar 'n baie nugtere beskouing oor my bepaalde agtergrond en vermoëns het!"

### En ná skool?

Daar was geen sprake van geld vir voltydse verdere studie nie. "Ek werk aanvanklik in die korporatiewe sektor en daar was beslis nooit enige droom of bedoeling om 'n sakeonderneming te begin nie.

"Maar ek was toenemend ontnugter met korporatiewe politiek en neem in 1978 'n ietwat impulsiewe en ondeurdagte besluit om 'n eie onderneming te begin.

"Dit was 'n baie klein rekenaaronderneming, Infotech, letterlik in die agterplaas van die Rondaliagebou in Pretoria. Sonder kapitaal en sakekennis was dit broekskeur om die drie personeellede se salarisse elke maand te vind en daar was maar vertwyfeling. Wat het my besiel om 'n stewige korporatiewe loopbaan net so te los? Waarin het ek my getroue eggenoot laat beland? En die oudag?

"Toe bars die bom behoorlik. In September 1980 wag ons doodbenoud vir 'n bestelling en die kliënt skakel om te sê 'Nee, jammer, nie nou nie'. Dis dan nou die einde; die gevreesde woord 'bankrotskap' 'n werklikheid.

"Tog vreemd hoe 'n mens jou tot die Here wend wanneer die donkerte toesak. Ek pleit toe en bied Hom 30% van die bankrotonderneming aan indien Hy my sou help. Ek sou daarna leer dat jy niks sal ontvang, indien jy gee om te ontvang nie. Welvaartsteologie is 'n absolute euwel."

> **Gemoedsrus is 'n belangrike voorreg en op 78 fokus ek nou om te ondersteun sonder om in te meng. Ons wydverspreide aktiwiteite help gelukkig dat ek nog 'n goeie halfdag kan insit. Ons beskou onsself net as 'rentmeesters in verwondering' oor hierdie verhaal wat sedert daardie donker dag in 1980 steeds ontvou.**

### Hoe het die Mergon-groep toe ontstaan en wat is die hoofbedryf?

"Die Mergon-groep vandag is beslis nie vanweë my bepaalde vermoëns alleen nie. Sedert daardie draaipunt in 1980 was God se hand op die onderneming; op 'n asemrowende wyse wat ek in besonderheid in die boek *Doing Business with Purpose* uiteensit. Menslikerwys het die sakemodel van vennootskap ook 'n sterk bydrae gelewer.

"Infotech het die politieke storms van die 1980's genadiglik oorleef en in 1989 is na eiendomsontwikkeling uitgebrei. In 1994 word Atterbury met vennoot Louis van der Watt gestig en sy sukses met Atterbury verskaf kapitaal vir internasionale uitbreiding. In 2008 oorhandig ek die leisels aan Pieter Faure en ons huidige fokus is basies gemeenskapswerk deur sakebedrywighede.

"Die 30%-belang van die Mergon-stigting in die Mergon-groep is mettertyd na 70% verhoog. Die onafhanklike Mergon-stigting se enigste begunstigde is Christelike gemeenskapswerk en dit volg logies dat God ons beherende aandeelhouer is.

"Die Mergon-stigting se 70%-belang het in die afgelope boekjaar dividendinkomste van R115 miljoen opgelewer. Dit word jaarliks toegedeel aan sowat 130 gevestigde gemeenskapsorganisasies wat nagenoeg 800 opheffingsprojekte regdeur Afrika en die Midde-Ooste bedryf.

### Om watter rede sou die Skepper toetree?

"Dit gaan bloot oor die getuienis wat Hy op hierdie wyse tot stand gebring het. Enige meriete aan my kant is absoluut beperk tot enkele faktore. Miskien het Hy gehou van my beginselstandpunt oor die skade van korporatiewe politiek, of dat ek dadelik 'n onafhanklike trust vir die aanvanklike 30% (later 70%) registreer het of dat ons sedertdien die Here as beherende aandeelhouer erken en onsself net as rentmeesters en instrumente in Sy hand sien."

### Hoe werk dit in die praktyk?

"Alle beleggings- of enige ander tipiese aandeelhouerbesluite word bloot in gebed na Hom verwys en ons wag op Sy antwoord; presies soos ons met enige menslike beherende aandeelhouer sou doen. Die gevolglike getuienis gebruik Hy op maniere wat ons telkens verstom laat.

"Daar is oorvloedige bewyse dat Mergon se resultate eksponensieel baat tot die mate wat ons die balanspunt van beheer na ons beherende aandeelhouer oorskuif."

### Beskryf Mergon se sakeprofiel

"Mergon is 'n beleggingsgroep met die fokus op werkbare sakeverhoudings, vennootskap en 'n gedesentraliseerde bestuurskultuur. Die Mergon-portefeulje bestaan tans uit 'n aktiewe belang in 'n groot getal maatskappye waarvan enkeles op die JSE, Luxemburg- en Sydney-beurse noteer is. Sake word gedoen in Afrika, Brittanje, Sentraal- en Oos-Europa, Australië, Amerika en China."

### Wat of wie inspireer jou?

"Dit is seker duidelik dat die blote verloop van my sakelewe verreweg die grootste bron van inspirasie was en steeds is. Dan is dit wat die jong opvolgers doen vir my daagliks 'n vreugde.

"Ek het in die 1960's by Rupert International gewerk. Dr. Anton Rupert se algemene voorbeeld en sy geloof in 'deelgenootskap' was waarskynlik bepalend tot Mergon se latere sakemodel."

### Hoe lyk die aftreejare?

"Gelukkig doen die jonger generasie beter as wat ek self sou kon. Gemoedsrus is 'n belangrike voorreg en op 78 fokus ek nou om te ondersteun sonder om in te meng.

"Ons wydverspreide aktiwiteite help gelukkig dat ek nog 'n goeie halfdag kan insit.

"Ons beskou onsself net as 'rentmeesters in verwondering' oor hierdie verhaal wat sedert daardie donker dag in 1980 steeds ontvou.

"Ek voel dus verplig om solank prakties moontlik voort te gaan met die Godgegewe getuienis waarmee ek, my familie en almal hier by Mergon begunstig is.

"Getuiepraatjies word gereeld in Suid-Afrika, Afrika en die buiteland gedoen en ek werk tans aan die vierde uitgawe van *Doing Business with Purpose*.

"Die boek se vertaling in Mandaryns is pas voltooi.

"Die Mergon-hoofkantoor het drie jaar gelede na Stellenbosch verskuif en ek is nou weer volbloed Kapenaar."



## Francois van Niekerk Sakeleier van die Jaar 2018




**1939**
Gebore op 14 Desember.

**1957**
Matrikuleer aan die Hoër Jongenskool Paarl.

**1962**
Behaal BA Handel aan Universiteit Stellenbosch.

**1972**
Behaal MBL aan Unisa se Sakeskool. Ontvang goue medalje as outeur van beste gevallestudie.

**1980, Januarie**
Stig Infotech in Pretoria as voorloper van die latere Mergon-groep.

**1980, September**
Infotech basies insolvent, hy wend hom tot God en ontvang uitkoms.

**1983**
Registreer onafhanklike Mergon-stigting wat belang van 30% in die Mergon-groep hou.

**1989**
Diversifiseer na eiendomme met konstruksie van Infotech-gebou en verskeie ander ontwikkelings in Pretoria.

**1994**
Word direkteur van Sabinet Online en dien as voorsitter van 1997 tot 2003 en weer 2010 en 2011.

Sabinet
Facilitating access to information

**1994**
Medestigter van die Atterbury-groep met Louis van der Watt.



Louis van der Watt

**2005**
Atterbury stig Attacq. Dien as voorsitter van 2005 tot 2013 met Attacq se notering op die JSE.

ATTACQ
INVEST • DEVELOP • GROW

**2008**
Word verkies as raadslid van Unisa.



Unisa

**2008**
Bereik doelwit om 70%-belang van Mergon aan die Mergon-stigting oor te dra, oorhandig bestuursverantwoordelikheid aan Pieter Faure en word nie-uitvoerende voorsitter van die Mergon-groep.

**2009**
Ontvang Inyathelo se spesiale erkenningsprys vir filantropie.



**2011**
Word deur die tydskryf *Forbes* as Afrika se grootste filantroop aangewys.

**2013**
Word deur die Britse AfiA as Afrika se Filantroop van die Jaar aangewys.

**2016**
Ontvang eredoktorsgraad in sakeleierskap van die Universiteit van Suid-Afrika.

Grafika24

# Wat is jou oplossing vir die huidige krisis in Suid-Afrika?

" 'n Revolusie is ons voorland, maar die teenstellende alternatief is van óf 'n destruktiewe óf 'n konstruktiewe 'transformasie'. Albei se oorsaak is die Gini-koëffisiënt of afstand tussen ryk en arm. Die keuse is of ons dit aan populistiese onkundiges gaan oorlaat om ons land oor die afgrond te dryf of die heel demokratiese reg gaan begin aktiveer tot aanvaarbare revolusionêre verandering," meen Francois.

"Net 230 jaar gelede was dit die Franse elite se koudbloedige argwaan teenoor die honger massas met sy gevolglik ongelukkige guillotine-einde. Dit gaan oor die besitklas wat gulsig vasklou aan wat hul vergaar het en hul bewustelike blindheid vir die realiteit van Rupert se 'hy wat alles wil behou, sal alles verloor'.




Francois van Niekerk glo daar is oplossings vir die land se huidige krisis as mense net saamwerk. Foto: JACO MARAIS

"Ek is vas oortuig ons land se uitsonderlike potensiaal kan ontsluit word, maar dit verg radikale transformasie van 'n heel ander positiewe en inklusiewe aard, met doelgerigte oopkop-leierskap wat Suid-Afrika eerste stel. Ons mense se onderliggende goedgesindheid en legendariese planmaakvermoë kan die oënskynlik onmoontlike net-net laat slaag.

"My oortuiging is 'n nasionale vennootskap tussen die regering, die geloofsgemeenskap en die sakesektor.

"Eerstens is 80% van ons mense gelowig. Tweedens deel die meerderheid Suid-Afrikaners 'n werklike of latente goedgesindheid teenoor mekaar en wil hê ons land moet slaag. Derdens kan die owerhede se onderprestasie bloot nie so voortgaan nie.

"Ek glo dus die geloofsgemeenskap en die sakesektor moet mekaar in 'n burgerlike alliansie vind wat dan die regering nader om 'n onderhandelde skikking te vind – byvoorbeeld hoe beter die land bestuur word, hoe meer sal die burgerlike alliansie die regering met armoedeverligting en ontwikkeling bystaan.

"Die inisiatief behoort deur die geloofsgemeenskap gelei te word as veronderstelde voorloper met versoening en ons nasionale waardes. Maar die kern is vir die huidige besitklas – die sakesektor – om gewillig 'n deel van hul regmatige besitting af te staan; maar dit net in ruil vir behoorlike landsbestuur.

"Prestasieteikens moet dus met die regering onderhandel word, byvoorbeeld die jaarlikse groeikoers en Suid-Afrika se posisie in internasionale indekse vir korrupsie, onderwyspeil, misdaad en sakeklimaat. Namate die regering voldoen aan die ooreengekome prestasie, sal die burgerlike samelewing van 'n persentasie van sy besitreg afstand doen om nasionale opheffing te steun.

"Dit maak bloot sin om 'n mindere deel van jou aandeelhouding of grond af te staan in ruil vir goeie en voorspelbare regeringsprestasie. Sodanige kapitaalbydrae kan op 'n 50/50 besluitnemingsgrondslag deur die burgerlike alliansie en die regering vir opheffing aangewend word.

"Die beginsel is sosiale kapitalisme wat die werkbare eienskappe van albei regeringsvorme behou – kapitalisme se eienaarsmotief en sosialisme se gemeenskapsfokus.

"Natuurlik is dit ingewikkeld en bloot 'n rigtingsoekende denkpatroon wat moeisaam ontwikkel sal moet word. Selfs al slaag ons net gedeeltelik, kan die alternatief van 'n nasionale vennootskap ons gesamentlike toekoms verseker en so ook Suid-Afrika se ekonomiese momentum, positiewe psige en globale profiel."

### Enige hoop dat die politici tot so iets sal instem?

"Beslis nie uit hul eie nie en nog minder deur kiesersdruk. Die enigste hoop is deur nuutgevonde leierskap uit die burgerlike samelewing. Die druk moet van daar af kom. Ons sal moet ophou praat, ons verlede besweer en begin saamwerk."